Nuwe baadjie vir Witsies

Die Witsieshoek-lodge in die Phuthaditjaba-omgewing was vir jare 'n toptoevlugsoord vir moeë bergklimmers en stappers. LIENTJIE MENTZ het gaan kyk na die planne om dié oord op te knap en het die sneeu net-net misgeloop.



Die Witsieshoek Mountain Lodge kyk uit oor die Amfiteater in die noordelike Drakensberg met die Sentinel-piek heel regs. FOTO: LIENTJIE MENTZ

Sneeu verander die Witsieshoek Mountain Lodge in 'n sprokiesparadys. Die restaurant bied 'n pragtige uitsig oor die vallei. FOTO: TONY BIRKHOLTZ

Ek wil bitter graag eendag daar wees as dit sneeu en die wêreld sprokiesagtig bietjies-bietjies wit raak.

Sneeu by Witsiehoek, in die Oos-Vrystaatse omgewing van Phuthaditjhaba, op 2 283 m die hoogste lodge in die land, is geen onbekende gesig nie. Met my besoek daar op 14 Julie was daar oral nog tekens van die sneeu wat 'n paar dae tevore geval het.

Ek onthou 'n uitstappie na die Witsieshoek-bergoord tydens die groot verkiesing in 1994. Ek het saam met 'n groepie vriende daarheen gegaan om een van die talle wandelpaaie van die oord te stap.

Digte mis het ons avontuurlike planne gekortwiek, maar ons was heel tevrede om heeldag voor die kaggel deur te bring en kaart te speel.

My eerste gedagte met my onlangse besoek daar, is dat daar nie veel verander het nie. Die kaggel brand nog flink, die kroegie lyk nog presies dieselfde as 16 jaar gelede en die uitsig oor die Amfiteater in die noordelike Drakensberg is steeds onoortreflik.

Maar dan begin 'n mens tekens van verval sien en jy besef die gerieflike leerbanke in die woonvertrek en die verwarmers in die kamers wat die ergste winterkoue verdryf, is splinternuut.

Die geskiedkundige Witsieshoek-bergoord, of Witsieshoek Mountain Lodge soos dit nou bekend staan, het Desember op die punt gestaan om sy deure te sluit.

Danksy die ingryping van Glynn O'Leary van Transfrontier Parks Destinations (TFPD) het dié lodge nou werklik 'n blink toekoms.

Die oorspronklike pad na die oord en die eerste geboue is in 1957 deur hoofman Wessels Silas Mota van die Batlokoa-gemeenskap in die dorpie Tsheseng in Phuthaditjhaba laat bou. Die plan was om toeriste en veral bergklimmers en stappers na hierdie mooi deel van die Drakensberg te lok. Hy het geglo dat die ontwikkeling daar uiteindelik tot die ekonomiese ontwikkeling van die Batlokoa-gemeenskap sou lei.

In later jare het verskeie organisasies die bestuur van die oord oorgeneem en verdere ontwikkelings aangebring. Instandhouding het die afgelope tien jaar ernstig agterweë geraak en al hoe minder besoekers het opgedaag.

In Desember het O'Leary 'n vergadering met die Batlokoa-tradisionele raad gehou en Tony Birkholtz is as die bestuurder van die oord aangestel. Die personeel by die oord het aangebly.

'n Bedrag van R20 miljoen is deur die staat se armoedeverligtingsfonds toegestaan en TFPD het 'n verdere R3 miljoen bewillig vir opgradering en aanbouings.

TFPD, 'n private swartbemagtigings-onderneming, bestuur, ontwikkel en bemark toeriste-verblyf in oorgrens-vredesparke in samewerking met plaaslike gemeenskappe.

Die Witsieshoek Mountain Lodge is in die Maloti-Drakensberg-oorgrenspark teen die Lesotho-grens geleë. Argiteksketse van die verbeterings aan bestaande strukture, asook die beplande bistro en konferensiegeriewe wat opgerig gaan word, is op die vergadering op 14 Julie aan die tradisionele raad voorgelê vir goedkeuring.

Tesame met die nuwe restaurant word daar 'n binnenshuise, verhitte swembad en 'n sentrale verhittingsgeriewe vir al die geboue beplan. Kampeergeriewe waar die pad tussen die lodge en die pad na die Sentinel-staproete vurk, asook verbeterings aan die bestaande geriewe by die parkeerterrein by die staproete, is ook deel van die uitbreidings.

Die Witsieshoek Mountain Lodge in die Maloti-Drakensberg-oorgrenspark. Die oord het 'n reddingsboei gekry en gaan nou tot voordeel van besoekers – en die gemeenskap – opgeknap word. FOTO: LIENTJIE MENTZ

Sowat 7 km van die lodge is die parkeerterrein waar stappers begin om die Sentinel-voetslaanpad tot bo-op die Amfiteater te volg. Dié kettingleer neem jou op die laaste deel van die roete tot op die berg. FOTO: TONY BIRKHOLTZ

Die baie gewilde Sentinel-staproete voer stappers berg op, met 'n kettingleer tot bo-op die Amfiteater en die beginpunt van die Tugela-, Oranje- en Vaalriviere en Mount Aux-Sources, een van die hoogste pieke in die Drakensberg.

In September word die 100 jarige herdenking gevier van die eerste bergklimmer wat die Sentinel-piek baasgeraak het.

Stappers kan van die Witsieshoek-lodge wandelpaaie tot onder in die Koninklike Nasionale Park in KwaZulu-Natal en terug, neem.

Die lodge is 'n ware toevlugsoord vir moeë stappers en in die restaurant word daar vir die innerlike gesorg. O'Leary en sy span glo dat die nuwe ontwikkelings, wat binne die volgende 18 maande aangebring gaan word, nog meer natuurliefhebbers na die gebied sal lok en die plaaslike gemeenskap voordeel sal put deur werkskepping en die verkoop van handvervaardigde kunsprodukte.

Danksy die destydse visie van hoofman Mota en die entoesiasme van O'Leary en sy span, sal besoekers sommer nog lank die asemrowende uitsig van die Witsieshoek Mountain Lodge kan geniet – binnekort met splinternuwe, moderne geriewe.

Vat die pad

Die Witsieshoek Mountain Lodge is ongeveer 348 km van Bloemfontein (sowat vyf uur se ry) en 345 km van Johannesburg af geleë.

Van Harrismith, neem die R712 tot by Phuthaditjhaba. Neem daar die R57 na Phuthaditjhaba.

As jy van die Golden Gate-park se kant af kom, gaan voort op die R57 wat dwarsdeur Phuthaditjhaba loop. Die pad lei jou na die toegangshek tot die Maloti-Drakensberg-oorgrenspark. Die geplaveide pad maak later 'n vurk na links wat na die lodge lei. Die pad regs lei na die Sentinel-voetslaanpad.

■ Vir navrae bel Tony Birkholtz by ☎ 082 929 2580, Lize du Plessis by ☎ 078 478 3485 of besoek die webwerf www.witsieshoek.co.za